Sing vooraf: Psalm 40:8 (p. 207)

8 Laat wie U soek, o God, my hulp in nood, / met almal wat u heil ervaar
in sielsangs en in doodsgevaar, / nou sing en sê: "Die HEER alleen is groot!"
Al is ek arm, ellendig, / Hy dink aan my bestendig. / Hy is die HEER by wie
daar redding is vir my. / U 's tot my hulp naby. / My God, vertoef tog nie!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 19:1 (p. 82)

1 Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kunde͡en wetenskap / deur al sy donker wake.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 43:1, 4 (p. 220)

1 HEER, doen my reg, hoor my gebede, / en twis my twissaak tog vir my!
Want waar ek heengaan, skrede͡op skrede, / beleër my 'n bose͡en wrede,
'n huigelende teenparty / wat my my saak bestry.

4 Dan gaan ek in na Gods altare, / tot God, my God, my vreugde͡en lied;
dan speel ek met die harpenare, / dan ruis vir U my blye snare –
vir U wat my, ná kort verdriet, / 'n eewge vreugde bied.

Skriflesing: 2 Petrus 1:1-15

Teks: Kolossense 1:10; Kategismus Sondag 32

sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, (Kolossense 1:10 AFR1953)

Daar is drie begrippe wat onlosmaaklik saamgaan. Hulle is:

- Ellende
- Verlossing
- Dankbaarheid

Om godsalig te lewe kan alleen gebore word uit diepe dankbaarheid vir ons verlossing in die Here Jesus

Christus. Dankbaarheid is weer slegs moontlik as ons besef hoe ryk God se genade is, want ons is diep in die ellendes.

Dis hoe dit gebeur dat 'n mens wat sy ellendes diep beleef, goeie werke doen.

- Hy probeer nie om die hemel daarmee te verdien nie.
- Die Here Jesus Christus het dit klaar vir hom verdien.
- Hy probeer net dankbaar wees.
    - Daarom doen hy goeie werke.
    - Daarom probeer hy om God se gebooie só nougeset te gehoorsaam en uit te leef.

Ons goeie werke word gedoen ter wille van die bloed van Jesus Christus wat vir ons vergiet is.

- Dink net waarvan het Christus ons verlos.
- Dit is nou baie maklik om te sê: Hy het ons van al ons sondes verlos.

Maar kom ons dink weer. Dit is nie net sommer van sondes verlos te wees nie.

- Ons is absoluut verwerplik voor God.
- Ons kruip in die sondes, en as enigeen van ons kry wat ons verdien, behoort ons net in die hel te beland.
- Daar is nie een van ons wat hoegenaamd werd is om in die hemel toegelaat te word nie.

Waarom sal God ons in die hemel toelaat?

- Net Hy weet dit, want Hy het besluit om ons lief te hê.
- Daarom laat Hy sy Seun vir ons sondes sterf sodat ons as ons die dag voor God se regterstoel staan, vrygespreek kan word.

Waarom het Christus dan vir ons kom sterf? Daar is drie redes.

- Die eerste is God se liefde vir ons.
    - Ons kan dit nie verklaar nie.
    - God het net in sy alwysheid besluit dat Hy ons liefhet, en daarom sterf Jesus vir ons.

- Die tweede rede is omdat God ons wil bewaar.
    - Die HERE wil ons vir ewig bewaar.
    - Hy wil nie hê dat die Satan ons uiteindelik sal besit nie, al verdien ons dit ook.

- Die derde rede vir ons verlossing is omdat God wil hê dat ons Hom moet prys.
    - Ons word verlos tot gehoorsaamheid.
    - Dus: om uit dankbaarheid te lewe tot eer van God.

Dink ook net hoe het Jesus ons verlos.

- Hy het arm geword om ons ryk te maak.
- Die Vors wat mag het oor die lewe en die dood kom sterf om ons te red. God wat in die hemel woon, daal neer om hierdie vernedering deur te gaan.
- Dit is ondenkbaar, want nie een van ons sou so iets doen nie.

Ons hou nie eers daarvan dat iemand ons slegsê nie, en Jesus het self 'n vloek geword sodat Hy ons kon heilig!

- Ons behoort elke oomblik te jubel van blydskap, soos wat die slawe in die ou tyd gejubel het as hulle vrygelaat is.

- Want ons was slawe van die Satan en is vrygekoop deur Jesus Christus!

Dit kan tog nie anders nie, daar moet iets roer in ons.
- lewers moet daar ’n groot dankbaarheid bly vassteek sodat dit nooit weer kan wegraak nie.
- Dan moet ons mos ’n dankbaarheidslewe lei.

Ons gaan ’n bietjie dieper in op hierdie saak.
- Die Here Jesus Christus het nie net iets VIR ons gedoen nie.
- Hy het ook iets IN ons gedoen. Hy het ons ’n nuwe hart en ’n nuwe lewe gegee.
- 'n Nuwe lewe in Christus!

Die Heilige Gees van God woon in ons, en werk in ons.
- Hy verander ons gesindheid.
- Hy bou ons geloof.
- Hy praat ons aan as ons oortree.
- Dit beteken nou maar net dat die Heilige Gees ons leer om dankbaar te lewe, en om berou te hê as ons sondig.

Dit is ’n nuwe lewe en ’n nuwe dankbaarheid. Vanselfsprekend wil ons Hemelse Vader alleen in ’n rein hart bly, en onbesproke gelowiges as eiendom hê.
- Die Gees van God vernuut ons tot die ewebeeld van God.
- Hy skenk aan ons die insig en geregtigheid om die werk van Christus te kan beleef, en prakties toe te pas.
- Dit beteken dat ons geestelik ’n heeltemal nuwe gestalte kry.

Ons lyk nou nie meer soos kinders wat aan die Satan behoort en op pad is na die hel toe nie.
- Ons lyk nou soos hemellinge.
- Mense wat met vreugde en met blydskap lewe.
- Mense wat God ken, en daarom in hulle daaglikse lewe dinge doen wat by God pas.

Dankbaarheid is soos dit op ’n ander plek gestel word:
- Nuwe mense in Christus, geskape tot goeie werke.
- Goeie bome wat goeie vrugte voortbring uit dankbaarheid aan hulle Skepper wat van hulle goeie bome gemaak het.

Teen hierdie agtergrond moet ons nou weer na onsself kyk.
- Ons weet mos verseker dat as dit van ons afhang, ons liewer nie voor die regterstoel van die Here sou wou staan nie.
- Want ons weet dat die vonnis baie erg sal wees.

Maar nou beteken dit nie dat ons ons hele lewe lank moet twyfel en wonder wat van ons gaan word nie. Ons het die vaste sekerheid.

Elke mens weet verseker of hy hemel toe gaan of nie.
- As God vir jou vra: Om watter rede moet Ek jou toelaat om in My Koninkryk in te gaan? Wat gaan jy sê?
- As jy sê dat jy nie weet nie, erken jy dat jy nog nie bekeer is nie!

’n Bekeerde mens weet dat hy kan ingaan op sterkte van Christus se versoening. Dit is nie ’n raaispul nie. Dit is ’n vaste kennis:

- Christus het klaar vir my die hemelpoorte oopgemaak.
- Hy het my binnekant die hemel toegesluit.
- Niemand en niks kan my uit die verlossing wat bewerk is uithaal nie! Dit is geloofsekerheid.

Maar dan moet jou lewe hierdie geloofsekerheid bewys!

- Enige mens wat sê hy is uitverkies en met God versoen is in Jesus Christus, maar hy lewe soos ’n engel van die Satan, het baie rede tot kommer.
- Hy moet hom bekeer – anders bewys sy lewe dat hy nie ’n verloste is nie.

’n Verloste mens sê dit nie net nie.

- Hy is so dankbaar dat dit oorkook.
- Hy kan nie genoeg doen om God te loof en te dank vir die feit dat hy uit die mag van die Satan en die hel bevry is nie.
- Daarom doen hy goeie werke.
- Sy hele lewe is ’n jubellied van dankbaarheid.

Nou het die goeie werke mos ’n totaal ander betekenis.

- Die waarde wat die Roomse Kerk daaraan heg, naamlik dat dit is om jou saligheid te verdien, verval nou heeltemal.
- Dankbaarheid staan juis lynreg teenoor verdienste!
- Ons is dan nou dankbaar omdat ons van Christus verlossing en die ewige lewe ontvang.
- Ons is dankbaar omdat ons uit die hel uitgeruk is – daarom goeie werke!

Goeie werke is nie ’n middel waardeur ons nou ons saligheid verdien of kan verdien nie, maar dit neem nie alle verantwoordelikheid van ons af weg nie.

- Dankbaarheid is ook ’n verantwoordelikheid!
- Dankbaarheid is nie ’n soort van ’n etiket wat jy net kan gebruik as dit jou pas of wanneer jy wil nie.
- Dankbaarheid is ’n plig waarmee jy iets van jouself moet bewys!
    - In ons alledaagse lewe bewys dit dat ons ’n goeie opvoeding het.
    - In ons godsdiens bewys dit dat ons verlostes is, en dat ons ware kinders van God is.

Nou moet u waak vir die volgende redenasie:

- U kan nie roem op u swakheid in dié sin dat u u daarop beroep vir u sondes nie.
- Met ander woorde, u kan nie sê dat u buitendien nie opgewasse is teen die Satan en sy aanslae nie, en daarom sondig u nou maar nie!
- U kan u nie met so ’n redenasie beroep op u verlossing in Jesus Christus nie!
- Die verlossing in Christus plaas juis ’n groter verantwoordelikheid op ons om goeie werke te doen.

Baie eenvoudig gestel kan ons dan sê dat ’n persoon wat in sonde voortploeter, nie ’n uitverkorene is nie.

- Hy dien die duiwel met sy laksheid om teen die kwaad te stry.
- Hy onteer terselfdertyd die Here Jesus Christus.

Verder ook nog dit: ons kan nie sê ons stry teen die sonde maar verloor elke keer die stryd nie.

- Ons moet hard genoeg stry om te oorwin.
- Ons doen baie keer nie goeie werke nie omdat ons ons net genoeg teen die kwaad versit om ons

gewete stil te maak.
- Wanneer ons ’n ent weg is met ’n goeie daad, dan voel ons tevrede dat ons ons deel gedoen het, en gee ons dan eintlik met blydskap oor aan die kwaad! – Hierteen moet ons waak!

Gee liewer soos die Here Jesus Christus alle wêreldse plesier prys, en bepaal jou by die lewenswyse wat deur God as volmaak en goed beskou word.
- Dan bewys jy daarmee dat jy ’n ewige lewe by God het – iets waarop die mense wat die goeie dade nie doen nie, jaloers behoort te wees.
- Preek met jou goeie werke jou verlossing en jou dankbaarheid aan God op só ’n manier dat jy rigting aan die lewe gee!
- Preek met jou goeie werke dat jy as't ware op elke terrein waar jy beweeg, geloofsleiding neem.
    - Gee moed aan die wat verswak raak.
    - Doen goeie werke met blydskap en groot vreugde!
    - Wakker daarmee die hoop by almal aan!
    - Waak teen snedigheid – veral agter jou naaste se rug.

Laat jou goeie werke ’n roepstem wees wat almal rondom jou lok en roep na die Here Jesus Christus toe.
- Dan stig jou lewe almal;
- bemoedig dit al die gelowiges; en
- beskaam terselfdertyd die ongelowiges.

Dan is jy ’n trots vir Christus en ’n trots vir God se kerk.

Kom ons lees Kategismus Sondag 32 saam.

Vraag 86: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Antwoord: *Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys (a) dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys (b) word: Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry. (c), en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d).*
(a)Rom 6:13; 12:1, 2; 1 Pet 2:5, 9; 1 Kor 6:20. (b) Matt 5:16; 1 Pet 2:12. (c) 2 Pet 1:10; Matt 7:17 Gal 5:6, 22. (d) 1 Pet 3:1, 2; Rom 14:19.

Vraag 87: Kan die mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?

Antwoord: *Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (a).*
(a)1 Kor 6:9, 10; Ef 5:5, 6;1 Joh 3:14.

Amen.

Slotgebed

Ons sal met hart en mond, o HEER,
U roem verkondig en U eer.
Ons smeek U HERE om in guns na ons gebed te luister en ons uit te red.
Ons bid dat u op ons klag, ons hart en gees genees en ons smarte versag.
Ons smeek uit genade alleen.
Amen

Slotpsalm 31:1, 15 (p. 143)

1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.

15 Hoe groot is, Heer, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 6 Julie 2008 (aand)